# Tuimel-tuimel bring gimnaste medaljes huis toe



**Voor is Ronin van der Merwe en Nicardo van den Berg. Agter is Kayla Berrange, Sinze Oosthuizen en Silara van der Merwe.**

Johan van Niekerk
johanvn@diepos.co.za

Die Tumble Tide Warmbad Aerialnastix Klub van Bela-Bela het tydens die onlangse Twister Aerialnastix Kampioenskap in Benoni, verskeie medaljes verower.

Die ses gimnaste van die plaaslike klub het nie minder as drie goue en vier silwer medaljes behaal in die verskillende items waaraan hul deelgeneem het.

In die meisies afdeling (13–15 jaar) het Silara van der Merwe 'n eerste plek met tuimel behaal en 'n tweede plek in die balkie. Sinze Oosthuizen het in die meisies 12 jaar-afdeling, eerste in die balkie- en tweede in trampolien-kompetisie geëindig.

Ronin van der Merwe was een van twee seuns wat aan die kompetisie deelgeneem het. Hy het in die 10 jaar-seunsafdeling, eerste geëindig in die trampolien en tweede met balkie. Nicardo van den Bergh was die ander seun en het in dieselfde ouderdomsgroep, tweede geëindig met trampolien en derde met balkie.

Hulle afrigter, Amoné Swart het aan *Die Pos* gesê sy is baie trots op hierdie groep gimnaste. "Ons is 'n nuwe klub en ons toerusting is maar karig, maar dit wat ons op kompetisies bereik spreek boekdele van die deursettingsvermoë en talent van ons gimnaste," het sy gesê.

Tumble Tide Warmbad is oop vir enige iemand wat wil deelneem. Oefeninge word Dinsdae en Donderdae vanaf 15:00 by Hoërskool Warmbad aangebied. Belangstellendes kan vir Mariaan van Niekerk WhatsApp by tel. 084 371 0278, of Amoné Swart by tel. 062 659 5533.



**Lenchen Kellerman.** Foto: Verskaf..

# Oud-Nylie seëvier by Wêreldbyeenkoms



**Tariro Nkosi hou met trots die Suid-Afrikaanse landsvlag op in Nigerië.** Foto: Verskaf.

Melani Jordaan
melani@diepos.co.za

Die talentvolle oud-leerder van die Hoërskool Nylstroom in Modimolle, Tariro Nkosi (19), het onlangs geskiedenis gemaak op die atletiekbaan. Sy het Suid-Afrika op indrukwekkende wyse verteenwoordig tydens die Confederation of African Athletes (CAA) Jeug- en Junior-kampioenskap, wat van 16 tot 20 Julie in Nigerië gehou is.

Nkosi het met toewyding en vasberadenheid deelgeneem aan die hoogspring en met 'n sprong van 1,70 **m** die goue medalje verower.

'n Prestasie wat haar nie net eerste op die podium geplaas het nie, maar ook haar naam in die atletiekwêreld se rekordboeke opgeskryf het.

Die pad na Nigerië was egter nie maklik nie. Om te kwalifiseer vir die internasionale kampioenskap, moes Nkosi eers deur die plaaslike en nasionale vlakke bewys sy is op wêreldkampioen standaard.

Sy het aanvanklik aan die Sentraal Gauteng Atletiekklub se byeenkoms deelgeneem, waar sy 'n eerste plek behaal het. Dit het haar plek verseker om van 27 tot 29 Maart aan Atletiek Suid-Afrika (ASA) se Nasionale Kampioenskap, deel te neem. Weereens het sy haar teenstaanders in die stof laat byt en het sy die goue medalje verower. Haar plek in die SA-span vir die byeenkoms in Nigerië was verseker.

"Ek is verheug om die goue medalje in Nigerië te wen. Dit was 'n ongelooflike ervaring om Suid-Afrika te verteenwoordig en myself te dryf om my beste te lewer," vertel 'n opgewonde Nkosi aan *Die Pos*.

Nkosi se prestasie het nie net haar land in glorie gehul nie, maar het ook groot trots en bewondering vir haar alma mater, Hoërskool Nylstroom, meegebring.

Sy dien as 'n inspirasie vir talle jong atlete in Limpopo en bewys dat talent, gekombineer met ywer en harde werk, werklik tot internasionale hoogtes kan lei.

Bela-Bela
Local Municipality
Chris Hani Drive, Bela-Bela, Limpopo,
Private Bag x1609, Bela-Bela, 0480
Tel: 014 736 8000. Fax: 014 736 3288
Website: www.belabela.gov.za

SALUS ET VITA

## PUBLIC NOTICE No. 92/25

**2025/2026 PERFORMANCE AGREEMENTS FOR THE MUNICIPAL MANAGER AND SENIOR MANAGERS**
**AND**
**2026/27 IDP/BUDGET/PMS PROCESS PLAN**

Notice is hereby given in terms of Sections 53 (1) (c) (iii) and (3) (b) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act No. 56 of 2003) that the Honourable Mayor of Bela-Bela Local Municipality has approved the 2025/2026 Service Delivery and Budget Implementation Plan on Wednesday the 25th June 2025. As a sequel to the approval of the SDBIP the Mayor has ensured that the Performance Agreements of the Municipal Manager and Senior Managers as required in terms of section 57 (1)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 are compliant.

Notice is hereby given in terms of Section 21(1) (b) read together with Section 28 (3) of the Local Government: Municipal Systems Act No. 32 of 2000 and Section 21 (1) (b) and 53 (1) (b) of the Local Government: Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003 that Bela-Bela Local Municipal Council has, on its Ordinary Council meeting held on the 31st of July 2025 adopted the 2026/27 IDP/Budget/PMS Process Plan as per Council Resolution No. ***MC23/07/2025***.

Bela-Bela Local Municipality hereby invites Community Members, Government Institutions, Private Sector and Civil Society Organizations to comment on the 2026/27 IDP/Budget/PMS Process Plan for the period of 21 days from Friday the 8th until Thursday the 28th of August 2025.

Copies of all the above mentioned documents will be available from 08th August 2025 on the Municipal Website: www.belabela.gov.za and at the Municipal main building offices (records office) at 57 Chris Hani Drive Bela-Bela as from Friday the 08th August 2025, from 08h00 to 15h00.

Enquiries can be lodged with the undersigned in writing at the following addresses:

The Municipal Manager
Bela-Bela Local Municipality
Private Bag x1609
BELA-BELA
0480

**E-mail address:** Public.comments@belabela.gov.za

TG RAMAGAGA
**MUNICIPAL MANAGER**

**NOTICE OF A BASIC ASSESSMENT APPLICATION (BA) AND WATER USE LICENSE APPLICATION (WULA) PROCESSES FOR THE PROPOSED CONSTRUCTION OF TWO (2) TRAFFICABLE STORMWATER BRIDGE STRUCTURES WITHIN RUST DE WINTER WITHIN THE CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY, GAUTENG PROVINCE**

**INVITATION TO REGISTER AND COMMENT**

**APPLICANT:** Department of Land Reform & Rural Development

**PROJECT NAME:** The proposed construction of two (2) trafficable stormwater bridge structures in Rust de Winter within the City of Tshwane Metropolitan Municipality, Gauteng Province.

**PROPOSED ACTIVITY:** The Department of Land Reform & Rural Development proposes to construct two (2) trafficable stormwater bridge structures in Rust de Winter within the City of Tshwane Metropolitan Municipality, Gauteng Province. There are two stream crossing positions that were identified as crossings that require urgent attention.

The existing causeways are meant to allow access in shallow flow conditions. Access is difficult and in certain cases, impossible for motorists and pedestrians to cross the causeways. These circumstances create a risky situation for residents in these areas during heavy rainy seasons.

**LOCATION OF BRIDGES:** Bridge one (1) will be located at: 25°15'10.10"S & 28°40'15.77"E; and Bridge two (2) will be located at: 25°15'28.23"S & 28°40'4.31"E

**LEGISLATION:** In terms of Sections 24(2) and 24D of the National Environmental Management Act (Act No. 107 of 1998), as amended, read with the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations of GNR 324 to 327 (2017), the following listed activities are being applied for: GNR 327 Activity 12 & 19 and GN R 324 Activities 12 and 14. A Water Use Licence is also required in terms of the National Water Act (Act No. 36 of 1998) as per Section 21 a, c and i water uses.

**DRAFT BASIC ASSESSMENT REPORT AVAILABLE FOR REVIEW**
Draft Basic Assessment Reports (DBAR) has been prepared and made available for a 30-day public review and comments period from 8 August 2025 to 9 September 2025.

You are invited to review the report at the following locations:
1. **Masobye, Public library**
Masaobe Village.
**Location:** 25°10'29.80"S & 28°24'30.46"E.

Envirolution Consulting (Pty) Ltd has been appointed as the Independent Environmental Assessment Practitioners to undertake the Environmental Impact Assessment, Public Participation Process, Environmental Management Programme and a Water Use License Application for the proposed project.

Should you require access to the electronic copy the report or to obtain further information and register on the project database, kindly submit your name, contact information and interest in the project to Boitumelo Tlhapi at
Tel: 087 898 5000; Fax: 0861 626 222,
Email: boitumelo@envirolution.co.za.
**Please submit written comments by Tuesday, 9 September 2025.**

DIE POS
Download our NEW App
for the latest news
Sign in for
R49.99
per month
SCAN HERE
WE STILL PRINT YOUR NEWSPAPER
More info: 072 894 1293 | app@diepos.co.za